

WYSIGINGSDOKUMENT NOMMER 6

DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK – PENSIOENFONDS

Besluit van die RAAD van die FONDS geteken te PRETORIA op 16 Augustus 2011.
2011.

Besluit dat vanaf 1 Junie 2010 word die gewysigde REËL 6.3 van die bestaande PENSIOENFONDSREËLS vervang met die volgende:

"6.3 RISIKO STERFTE-IN-DIENS GADEPENSIOENVOORDEEL

- 6.3.1 Ingevolge die bepalings van die STERFTE-IN-DIENS versekeringspolis aangegaan vir hierdie doel, is die LID se kwalifiserende gade geregtig op die enkelbedrag betaalbaar ingevolge die bepalings van REËL 6.2, asook 'n verdere kapitaalbedrag soos deur die LID gekies in veelvoude van 1 (een) tot 'n maksimum van 6 (ses) maal die LID se jaarlikse inkomste ten tye van sy afsterwe aan die kwalifiserende gade te kan voorsien. Sou die LID nie 'n opsie uitoefen nie sal die kapitaalbedrag 6 (ses) maal die LID se jaarlikse inkomste wees.
- 6.3.2 Hierdie kapitaalbedrag moet aangewend word om 'n pensioen aan te koop vir sodanige gade vanaf 'n GEREGISTREERDE VERSEKERAAR soos die gade mag kies, en op so 'n wyse soos die gade besluit binne die perke van huidige, toepaslike wetgewing.
- 6.3.3 Die LID se gade moet binne ses maande na die LID se afsterwe aandui op watter wyse die pensioen aangekoop moet word. Na die aankoop van sodanige pensioen sal die FONDS geen verdere verpligting teenoor die gade hê nie."

Die rede vir die wysiging is om die risiko voordele betaalbaar aan kwalifiserende gades uiteen te sit.



Dit word gesertifiseer dat hierdie besluit in ooreenstemming met die bestaande
PENSIOENFONDSREËLS geneem is.


Voorsitter van die RAAD

16/08/2011
Datum

PAUL JACOBUS FOUCHÉ
Naam


Lid van die RAAD

16/8/11
Datum

IZAK ALBERT BRINK
Naam


Hoofbeampte

16 Augustus 2011
Datum

L.J. KORKIE
Naam